Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

TEL: 015 296-0940

Postnetsuite 001
P/S X9676
POLOKWANE
0700

FAKS NO: 086 543 0378

Woensdag, 6 Maart 2019
Nuusbrief no 5 / 2019

Goeie dag liewe Osieteddie mamma en pappa,

Die kwartaal nader sy einde en ons is bly om te rapporteer dat dit ‘n baie suksesvolle kwartaal was. Ons kleuters het almal mooi aangepas, al die aanpassingsverslae is uitgedeel en ons fondsinsamelingsprojekte het elke liewe verwagting oortref!

Baie dankie vir u aandeel in ‘n wonderlike 1e kwartaal van 2019!

Ek glo ons is amper oor die hond se stert, daar is nog paar los draadjies wat ons saam moet vat; en reelings wat ek onder u aandag moet bring

Vrydag, 8 Maart 2019 ondersteun ons PERS VIR KANKER

- Ons dra die dag **pers**
- plakkers is @ R10 elk beskikbaar by die klasjuffrouens
- prysie vir die kleuter wat die meeste plakkers verkoop

Pottebakkersklasse by die skool

Agv ‘n gestotter en gestoei tydens Januarie en Februarie was ons genoodsaak om iemand anders te soek. Ons Hemelse Vader is getrou!
Sonder enige haakplekkies het ons vir Me Wendy de Bruyn genader, en het sy Maandag al met haar eerste groepies begin. Dit is dan vir ons ‘n voorreg om haar te verwelkom!

Ken-mekaar, lekkerbraai, kostrollie-trekking: Maandag, 11 Maart 2019

Elke Osieteddie-gesin word uitgenooi om van 18:00 af saam te kom kuier op Oosskool se rugbyveld. Osieteddies sal die vure en die bykosse voorsien, u pak net ‘n piekniekmandjie, eetgerei, glase en drinkgoed. Moet asseblief nie u stoele en/of piekniekkomberse vergeet nie!
Ons gaan die gelukkige wenner van die kostrollie aankondig. Die wenner loop weg nie net met ‘n trollie VOL kos nie, maar ook met allerhande oulike goed! Ek is seker die waarde van die trollie se inhoud is meer as R12 000. En dan is daar nog ‘n stampvol koevert vol bederfies!

Kostrokkie borge:

Met ‘n hart wat oorloop van dankbaarheid bedank ek graag die borge:

Osieteddies -1 maand gratis skoolfooie (tot en met)	R 2 974.00
Swimrite – swemlesse vir ‘n kwartaal	R 1 750.00
2 x Strengths finder kursusse (Retief Booysen)	R 4 000.00
Aesthet Co – gesinbehandeling vir mamma	R 150.00
Viljoen Beverages – Ysies en water	R 335.50
Wins Motors - brandstof	R 600.00
Limpopo Contractors - geskenkbewys	R 450.00
Chez Claudis - geskenkbewys	R 400.00
Ame de Beaute - geskenkbewys	R 490.00
Focus on Style – rug en nek massering vir mamma en pappa	
Focus on Style – haarbehandeling	R 1 000.00
Focus on Style – bederf vir mamma	
Kalkfontein voerkraal - slaglam	R 1 600.00
Pietersburg bande - wielbalansering	R 400.00
Fusion Photography – gesinsfoto sessie	R 850.00
Mikes Kitchen ete vir die gesin	R 500.00
Audio Corporation – Android TV box	R 1 000.00
ME idealme – bederf vir mamma	R 600.00
TOTAAL van die geskenkbewyse	**R 17 099.50**

Sodra ons al die gelde ingesamel het, sal ons die finale bedrag, die wenners en die planne met die fondse bekend maak.

Versoek / gesoek:

- Ek is opsoek na hout kabeltolle. Dit is die soort waarop Eskom se kabels gerol word. Groot ‘seblief, ons wil graag daarmee speel, indien u het, of weet waar ons kan kry, sal ek dit baie waardeer.

Parkering, straatoorgang en veiligheid:

- Ons wil ter wille van die veiligheid van die kleuters vra dat u asseblief seker sal maak dat die pad veilig is, voordat u oorstap. Hou ook asseblief u kleutertjie aan die hand wanneer u die pad oorsteek. Kleuters is nog baie onvoorspelbaar en sal sommer voor motors inhardloop.
- Ons vra ook weer dat u geen skootrekenaars, handsakke en selfone in u motor sal los nie. U moet asseblief voel of u motor sluit.
- Moet asseblief niemand saam met u toegang tot die kleuterskool gee wat verdag lyk nie!

- Ons kleuters se veiligheid is vir ons ‘n prioriteit, ons vra asseblief dat u ons hande sal sterk maak.

Skoolfooie:

- Ons herinner u net dat skoolfooie asseblief voor die 7e van elke maand vereffen moet word.

Dogtertjies:

- Ons vra tog vriendelik dat u sal verseker dat u dogtertjie ‘n kortbroekie onder haar rokkie aantrek. Sodoende kan hulle gemaklik sit en speel.

Fokus vir die week:

Hierdie week vra ons ouers se samewerking om goeie tafelmaniere vas te lê.

- Kou toe mondjie, sluk eers voor jy iets sê.
- Voetjies onder die tafel, nie op die stoel of tafel nie, Karnallie.
- Was handjies voor etenstyd, geen kieme hou hier jolyt.
- Eet netjies, ‘n mond besmeer met kos kan ons vir die varkies los.
- Ek is nie ‘n morsjors nie, my tafelmaniere is vir ander net plesiere.

Gedagte vir die week: “In een minuut kan jy jou houding verander, en in daardie minuut kan jy jou hele dag verander.” - Spencer Johnson

Geniet die res van die week.

- **Onthou: elke kleuter MOET elke dag uitgeteken word!!!**
- **Onthou ook om u kleuter daagliks te vertel hoe kosbaar hulle is!**

Vriendelike Osieteddies-groete
LINDA KRUGER & PERSONEEL